BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Woensdag 6 Desember 1978 | WINDHOEK | Wednesday 6 December 1978 | No. 3874

INHOUD:

**PROKLAMASIE:** *Bladsy*

No. AG. 83 Wysigingsproklamasie op die Hooggeregshof, 1978 1

CONTENTS:

**PROCLAMATION:** *Page*

No. AG. 83 Supreme Court Amendment Proclamation, 1978 1

## PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 29 November 1978)*

No. AG. 83 1978

VERLENING VAN REGSBEVOEGDHEID TEN OPSIGTE VAN DIE OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL AAN DIE SUIDWES-AFRIKA-AFDELING VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 4 Desember 1978

## PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 29 November 1978)*

No. AG. 83 1978

CONFERRING OF JURISDICTION IN RESPECT OF THE EASTERN CAPRIVI ZIPFEL ON THE SOUTH WEST AFRICA DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 4 December 1978

### BYLAE

*Wysiging van artikel 45 van Wet 59 van 1959, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 41 van 1970*

1. Artikel 45 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

### SCHEDULE

*Amendment of section 45 of Act 59 of 1959, as amended by section 5 of Act 41 of 1970*

1. Section 45 of the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, van toepassing.".

*Wysiging van Eerste Bylae by Wet 59 van 1959, soos vervang deur artikel 11 van Wet 15 van 1969 en gewysig deur artikel 9 van Wet 92 van 1970, artikel 20 van Wet 62 van 1973, Proklamasie 100 van 1977 en Proklamasie R.203 van 1977*

2. Die Eerste Bylae by die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur in die derde kolom in die beskrywing van die regsgebied van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika die woorde "maar met uitsondering van die gebied bedoel in artikel 38(5) van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet No. 39 van 1968)" te skrap.

*Herroeping van Wet 55 van 1951*

3. Die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951, word hierby herroep.

*Kort titel en inwerkingtreding*

4. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Hooggeregshof, 1978, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

(1) This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.".

*Amendment of First Schedule to Act 59 of 1959, as substituted by section 11 of Act 15 of 1969 and amended by section 9 of Act 92 of 1970, section 20 of Act 62 of 1973, Proclamation 100 of 1977 and Proclamation R.203 of 1977*

2. The First Schedule to the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended by the deletion in the third column in the description of the area of jurisdiction of the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa of the words "but excluding the area referred to in section 38(5) of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act No. 39 of 1968)".

*Repeal of Act 55 of 1951*

3. The South West Africa Affairs Amendment Act, 1951, is hereby repealed.

*Short title and commencement*

4. This Proclamation shall be called the Supreme Court Amendment Proclamation, 1978, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.